HOE OM JOU GESIN TE ONTSTIG (1)

23 Oktober 2005

Ds Freddie Schoeman

Nee wat! Ek het nie 'n preek hieroor nodig nie! Ek kry dit reeds baie goed reg. My gesin is reeds goed ontstig oor die dinge wat ek doen.

Wel, dit mag so wees. Maar ek wil vir jou wys wat jy kan doen wat jou ouers en jou gesin totaal sal verstom en verbaas. As jy dit doen sal hulle na jou kyk en sê: wie is jy – en wat het jy aan my kind gedoen?

Gesinne – gesinnie kan of slagvelde wees of 'n plek van heling en liefde.

God het gesinne gemaak

Kom ons kyk na die heel eerste gesin. Wie was hulle nou gewees? Adam en Eva – hulle was die pa en die ma. En hulle seuns was Kan hulle seuns was Kaïn en Abel. Abel was die soet enetjie gewees. Kaïn was die rebel. Adam en Eva het die hele tyd vir Kaïn gesê: Hoekom kan jy nie soos jou boetie Abel wees nie? Kyk hoe mooi soet is hy!

Dis g'n wonder dat Kaïn vir Abel doodgeslaan het nie. Miskien het jy ook sulke planne – as jy maar net daarmee kon wegkom né. Wat Kaïn gedoen het was eintlik verskriklik as jy mooi daaraan dink – hy het 'n kwart van die wêreld se bevolking uitgewis!

So die eerste gesin was nie perfek gewees nie. Daar was maar baie probleme. Die geleerde woord daarvoor is "disfunksioneel" – dit het nie so lekker gefunksioneer nie. Nie een van ons se gesinne is perfek nie. Ook nie myne nie.

Maar hoekom het die Here gesinne gemaak? Die Here het gesinne gemaak om 'n veilige ruimte te skep waarbinne mense kan liefhê en ondersteun en kan groei en kan leer om goeie dinge te doen. God se droom vir gesinne en families kan met die volgende woorde beskryf word: liefde, pret, goeie herinneringe, bemoediging, gesels, dinge met mekaar deel, humor /lag, hoop, vertroue, veiligheid ens.

Hoekom is my gesin nie so nie? En wat kan ek daaraan doen?

[Dink aan *jou* gesin eendag – ons dink aan die toekoms. Meisies beplan al hulle troue – trourok en als.]

Besef dat daar dinge is wat jy nie beheer oor het nie. Jy het nie beheer gehad oor wie jou pa en jou ma is nie. Jy het net geen keuse gehad nie. Jy het ook nie beheer gehad oor wie jou broer en jou suster is nie. Toe jy weer sien, toe moet jy met hierdie mense saamleef!!

Miskien dink jy jy kan mense – meer spesifiek jou ouers – beheer. 'n Paar tegnieke wat jy al probeer het, sommige het gewerk ander nie

- Die gooi van "vloermoere"
- Sugte en kreune
- Deur toeklap
- Stilstuipes

Daar is egter wel een persoon oor wie jy 100% beheer het. Wie's dit? Jyself!

Waaroor het jy beheer? Jy het beheer oor jou houding, jy het beheer oor jou dade, jy het beheer oor jou woorde.

En nou is daar 'n volgende ding wat ek moet noem en dis iets waarvoor julle waarskynlik al lekker moeg is: reëls. Ons beleef reëls dikwels negatief – met goeie rede ook. Sommige mense kan reëls nogal misbruik. Mense met begeerte om mag uit te oefen oor ander.

Maar reëls kan ook positief wees. Kom ons gaan kyk 'n bietjie hoe werk reëls. In my lewe is daar 'n paar dinge wat ek geleer het en julle is nou in die bevooregte posisie om daardie dinge by my te leer; julle is die ontvangers van my lewenswysheid en –insig.

- TV moet ingeprop wees
- CD in son ...
- Speletjie moet geinstalleer wees
- As jy valskerm wil spring (wêreld se slimste tiener – hy was slim maar hy het die reël nagekom nie.)

'n Ding werk nie as jy dit nie volgens die reëls hanteer nie.

Gesinne is dieselfde. Toe God gesinne gemaak het, het Hy sekere reëls gegee. As gesinne daardie reëls nakom – dan werk dit, so nie, dan werk dit nie.

Wie het beheer oor of jy die reëls nakom of nie? Jy.

Drie reëls waaroor jy beheer het. As jy hierdie drie dinge doen gaan jou gesin baie ontstig wees. (Tensy jy dit reeds doen!)

1. Wat is die grootste gebod? Liefde vir God – en liefde vir mekaar (naaste – insluitend jou pa/ma boetie/sussie). Liefde is nie net 'n gevoel nie – maar ook dinge wat jy doen. Bybel sê ons moet: mekaar vergewe, mekaar verdra, geduldig wees met mekaar, mooi praat met mekaar, mekaar bemoedig, mekaar se belange op die hart dra ens. Dis liefde in aksie. Eerste reël: liefde

Wil jy rêrig jou pa / ma ontstig? Hier's hoe: bied aan om die skottelgoed te was / die gras te sny / die kar te was.

2. Ef 6:1-4 *Kinders wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis.* [2] *“Eer jou vader en jou moeder” is ’n baie belangrike gebod. En daar is nog ’n belofte by:* [3] *sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.”* [4] *En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.*

Eer. Mike Howerton. Wat beteken dit? Praat ordentlik met hulle. Moenie ongeskik wees nie. Al is hulle nie perfek nie. Ouers is nie perfek nie.

3. Gehoorsaam. Soms weet jou ouers beter. So wen jy jou ouers se vertroue. Doen wat jou ouers vir jou sê om te doen – en kom jou beloftes na.